# Viool en klavier vir die Potch-dekaankonsert



Piet Koornhof: met Albie van Schalkwyk in uiteenlopende program.

**Thys Odendaal**

Twee Suid-Afrikaanse musici wat al 'n dekade of twee saam optree – die violis Piet Koornhof en die pianis Albie van Schalkwyk – is Dinsdagaand weer saam in Potchefstroom in die jaarlikse dekaankonsert van die Noordwes-Universiteit in dié stad.

Dié duo is welbekend vir hul fassinerende programkeuses, en dié konsert is geen uitsondering nie. Die program begin met die barok-komponis Locatelli se *Le tombeau*-sonate.

Dan volg musiek van uitsluitlik 20ste-eeuse komponiste – Prokofiëf se *Sonate in D*; Arvo Pärt se *Fratres*; die Italiaanse komponis Nino Rota, wat onder meer die klankbaan vir die *Godfather*-rolprenttrilogie geskryf het, se *Improviso*; en Frolof se *Piece in Blues Style*. Die konsert eindig met Wieniawski se *Polonaise brillante*.

Die konsert in die Konservatoriumsaal begin om 19:30.

Kaartjies kos R50; studente en seniors betaal R30. Dit kan tydens kantoorure by die musiekskool se loket in die voorportaal gekoop word. Navrae: ☎ 018 299 1699.